Oordenking
11 Januarie 2010

Jesus moet meer word.

'n Professor by 'n musiek departement, wat ook formele sang opleiding gehad het, het gereeld die solo's vir die koor van 'n groot gemeente gesing. 'n Jongman, Bob, sonder formele opleiding, het soms kleiner solo's waargeneem. Toe die koorleier vir die jaarlikse Kersfees uitvoering voorberei, het sy besef dat Bob eintlik die ideale stem vir die spesifieke musiekstuk het, maar het nie geweet hoe om dit voor te stel, sonder om die ouer man aanstoot te gee nie.
Sy was verniet angstig daaroor. Die professor het dieselfde idee as sy gehad, en vir haar gesê hy dink Bob moet dié jaar die solo sing. Die ouer man het getrou bly oefen en saam met die koor gesing, en sy aanmoediging en hulp het baie vir jong Bob beteken.

Mense wat op nederig wyse selfsugtige persoonlike ambisie kan aflê ter wille van die beste belang van ander, het 'n ingesteldheid wat God tevrede stel. Dit is hoe Johannes die Doper reageer het toe die massas sy prediking verlaat het en begin het om na Jesus se bediening toe te gaan. Johannes het gesê, "*Jesus moet meer word, en ek moet minder word." (Joh 3:22 - 30).*

Wat het Johannes die Doper en die musiek professor in gemeen gehad? Hulle was gewillig dat iemand anders hoër as hulle gestel word, omdat dit die doel gehad het om God op die beste moontlike manier te dien.

Verstaan ons hierdie nederigheid wat ons in staat stel om voor die Here se gesag te buig en Hom onvoorwaardelik te dien? Om Hom alles te laat wees, terwyl ons sy dienaars is! Om in opregtheid ons geloofsbelydenis uit te leef wat sê dat Jesus die Koning en Hoof van die Kerk is, wat beteken dat Hy steeds meer moet word, en ons minder! Al wat ons doen is om Hom te dien en gehoorsaam, en die Kerk en Christene te word wat Hy van ons verwag om te wees.

Wanneer ons van onsself vergeet, kan ons hoogtes bereik wat ander sal onthou.